Lesing 11 van 20.06.17 - Die weg na die innerlike Herberg in 2008/9

## *Joshua 1:2*

My kneg Moshè is dood; maak jou dan nou klaar, trek deur hierdie Jordaan, jy en hierdie hele volk, na die Aarde wat Ek aan hulle, die kinders van JisraEl, sal gee.

1:3 Elke plek waar julle voetsool op sal trap, haar gee Ek aan julle, soos Ek met Moshè gespreek het.

1:6 Wees sterk en vol moed; want jy sal hierdie volk die Aarde laat erwe wat Ek hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee.

1:7 Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele Wet wat Moshè, My kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met suiwere gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan.

1:8 Hierdie Boekrol van die Wet mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins haar dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat in haar geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met suiwere gevolg handel.

1:9 Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want JaHWeH jou Elohey is met jou, oral waar jy heengaan.

Joshua 3:1 DAAROP het JeHôWshua die môre vroeg klaargemaak, en hy met al die kinders van JisraEl het van Sittim af weggetrek en by die Jordaan aangekom en daar die nag oorgebly voordat hulle deurgetrek het.

3:2 En aan die einde van drie dae het die opsigters die laer deurgegaan

3:3 en aan die volk bevel gegee en gesê: Net soos julle die Verbondsark van JaHWeH julle Elohey sien en die Levitiese priesters wat haar dra, moet julle van jul staanplek af opbreek en agter haar aan trek.

3:4 Maar laat daar 'n afstand van omtrent tweeduisend voorarm tussen julle en hom wees; kom nie naby hom nie; sodat julle die pad

kan weet waar julle in haar moet trek; want gister en eergister het julle nie met dié pad getrek nie.

3:5 Verder het JeHôWshua aan die volk gesê: Sonder julle af; want môre sal JaHWeH wonders onder julle doen.

3:6 En JeHôWshua het met die priesters gespreek en gesê: Neem die Verbondsark op en trek weg voor die aangesig van die volk uit; toe het hulle die Verbondsark opgeneem en voor die aangesig van die volk uit getrek.

3:7 Daarop sê JaHWeH vir JeHôWshua: Vandag sal Ek begin om jou groot te maak voor die oë van die hele JisraEl, sodat hulle kan weet dat Ek met jou sal wees soos Ek met Moshè gewees het.

3:8 Gee jy dan bevel aan die priesters wat die Verbondsark dra, en sê: Net soos julle aan die kant van die water van die Jordaan kom, moet julle in die Jordaan bly staan.

3:9 Toe sê JeHôWshua aan die kinders van JisraEl: Kom nader hierheen en luister na die Woorde van JaHWeH julle Elohey.

3:10 Verder het JeHôWshua gesê: Hieraan sal julle erken dat daar 'n lewende El tussen julle is, en dat Hy sekerlik die Kanaäniete en Hetiete en Hewiete en Feresiete en Girgasiete en Amoriete en Jebusiete voor julle uit sal verdrywe:

3:11 Kyk, die Verbondsark van my Meester van die hele Aarde trek voor julle uit die Jordaan in.

3:12 Neem dan nou vir julle twaalf manne uit die stamme van JisraEl, een man uit elke stam;

3:13 en net soos die voetsole van die priesters wat die Ark van my Meester JaHWeH, van die hele Aarde, dra, in die water van die Jordaan rus, sal die water van die Jordaan afgekeer word - die water wat van die bokant afkom, en dit sal soos een wal bly staan.

3:14 En toe die volk wegtrek uit hulle tente om deur die Jordaan te gaan, met die priesters wat die Verbondsark dra, voor die aangesig van die volk,

3:15 en net toe die draers van die Ark by die Jordaan kom en die priesters wat die Ark dra, hulle voete aan die kant van die water insteek, terwyl die Jordaan vol was op al sy walle al die dae van die oes,

3:16 bly die water staan wat van die bokant afkom: dit het opgerys soos een wal, baie ver weg by die stad Adam wat langs Sartan lê; en die wat afstroom na die See van die Vlakte, die Soutsee, het heeltemal verdwyn; toe het die volk deurgetrek, teenoor Jérigo.

3:17 Maar die priesters wat die Verbondsark van JaHWeH gedra het, het onbeweeglik bly staan op droë Aarde binne-in die Jordaan, terwyl die hele JisraEl op droë Aarde deurtrek, totdat die hele nasie die deurtog deur die Jordaan voleindig het.

Joshua 4:1 EN toe die hele nasie die deurtog deur die Jordaan voleindig het, het JaHWeH met JeHôWshua gespreek en gesê:

Jos 4:2 Neem vir julle uit die volk twaalf manne, uit elke stam een man, [Openbaring 7:4]

Jos 4:3 en gee hulle bevel en sê: Neem vir julle vandaar, uit die middel van die Jordaan, van die plek waar die voete van die priesters vas bly staan het, twaalf klippe en bring hulle saam met julle deur en sit hulle neer op die slaapplek waar julle vannag gaan oorbly.